Die voortsetting van die Suid-Afrikaanse wonderwerk
Die FW de Klerk Stigting

15/3/2004

Die Behoefte aan Konsensus oor Transformasie

Persverklaring van F W de Klerk se toespraak gelewer aan die Buitelandse Korrespondente Assosiasie

Voormalige President F W de Klerk het die Buitelandse Korrespondente Assosiasie vanoggend in Johannesburg toegespreek rakende die behoefte aan 'n nasionale konsensus oor transformasie. Hy het gesê dat die nuwe Suid-Afrika merkwaardige vooruitgang gedurende die eerste dekade gemaak het, veral met grondwetlike transformasie – wat grootliks suksesvol was aangesien dit die produk van intensiewe en inklusiewe onderhandelinge was. Die tweede dekade sal gedomineer word deur ekonomiese en sosiale transformasie.

Mnr. De Klerk het gesê dat die wyse waarop Suid-Afrika ekonomiese en sosiale transformasie gedurende die volgende dekade hanteer, die langtermyn sukses en lewensvatbaarheid van Suid-Afrika sal bepaal. Die probleem was dat daar geen omvattende onderhandelinge plaasgevind het oor hoe ekonomiese en sosiale transformasie behoort aangepak te word nie. Gevolglik het transformasie 'n emosioneel verdelende kwessie geword. Daar was menigte onopgeloste en onbeantwoorde vrae, veral met verwysing na die definisie van die doelwit van gelykheid, die beginsel van verteenwoordiging, die posisie van institusies wat 'n spesifieke kulturele identiteit het – soos kerke, koerante, kulturele organisasies, skole en universiteite; die toekoms van Suid-Afrikaners van minderheids gemeenskappe in die staatsdiens en in die veiligheidsmagte; die afwesigheid van 'n afsnydatum vir regstellende aksie; en die vermoë van maatskappye om hul besighede effektief te bestuur.

Mnr. De Klerk het gesê dat hierdie redelike vrae was en redelike response vereis. Die probleem was dat Suid-Afrikaners nie voldoende met mekaar hieroor gekommunikeer het nie. "Volgens my siening benodig ons dieselfde tipe onderhandelinge, kompromieë en ooreenkomste oor ekonomiese en sosiale transformasie as wat ons oor grondwetlike transformasie tien jaar gelede gehad het. Ons moet werk na 'n nasionale ooreenkoms oor transformasie wat sal verseker dat ons die sentrale doelwitte van transformasie bereik sonder om die redelike regte en belange van enige van ons gemeenskappe in gedrang te bring".

Hy het bygevoeg dat so 'n ooreenstemming aan drie kern noodsaaklikhede behoort te voldoen: eerstens, aan die behoefte aan 'n werklike transformasie om die behoeftes van daardie Suid-Afrikaners wat nog nie voordeel uit konstitusionele transformasie getrek het nie, aan te spreek en om natuurlik en organies te beweeg na meer verteenwoordigende institusies; tweedens die behoefte om te voldoen aan die basiese reëls van die globale ekonomie; en derdens die behoefte om benaderinge wat moontlik nasionale eenheid kan

ondermyn of tot inter-gemeenskaps vervreemding en konflik aanleiding kan gee, te vermy.

Die voormalige president het gesê dat dit nou die tyd is om 'n goed-ingeligte en positiewe nasionale debat oor transformasie te begin wat:

- die aktiewe ondersteuning van alle gemeenskappe en die privaatsektor geniet;
- die hulpbronne en talente van bevoordeelde gemeenskappe ontsluit en mobiliseer ;
- op effektiewe opvoeding en opleidingsprogramme focus;
- die bereikbaarheid van ooreengekome vlakke van verteenwoordiging in die private en openbare sektore fasiliteer deur onderhandelde en bereikbare doelwitte en insentiewe, en dat dit;
- bowenal, die verknorsing van die mees benadeelde Suid-Afrikaners aanspreek;

Hierdie debat moet nie beskou word as 'n poging deur wit Suid-Afrikaners om vas te hou aan die "voorregte van die verlede" nie. Mnr. De Klerk het bygevoeg dat eiendoms en kulturele regte asook die reg tot nie-diskriminasie nie voorregte is nie, maar eerder fundamentele konstitusionele regte. Die kern van die debat sal die wyse wees waarop sulke regte gebalanseer kan word met die reg tot gelykheid en aanvaarbare lewenstoestande wat ook in die grondwet saamgevat is.

Persverklaring uitgereik deur die F W de Klerk Stigting.
Kaapstad.
15 Maart 2004.

Die FW de Klerk Stigting: Zeezicht Gebou, Tygerberg Kantoorpark, Hendrik Verwoerd Rylaan 163, Plattekloof 7500, Suid-Afrika. Posbus 15785, Panorama, 7506, Suid-Afrika. Tel 0027 (0) 21 930 3622. Faks: 0027 (0) 21 930 0995. Epos: fwdkfoun@mweb.co.za.

www.fwdklerk.org.za